


Nico van Gijsen: Mevrouw, skep welvaart vir jou oudag

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-mevrou-skep-welvaart-vir-jou-oudag-20260821-0988

Nico van Gijsen

August 21, 2026



Vroue moet hul eie welvaart skep, want as hul mans sterf of as egpare skei, lê daar vir hulle net finansiële ellende voor as hulle van hul mans afhanklik was, skryf Nico van Gijsen.

Hoe meer ek aandag gee aan sekere goed, hoe meer ek om my kyk en luister, hoe meer kom ek tot die besef die mense wat op hul oudag die swaarste kry, is vroue.

Vroue leef langer as mans en geld raak op. Dit is 'n werklikheid. Maar hiervoor kan, of kon, 'n mens beplan. As jy nie het nie, wel dan het jy eintlik mos beplan vir armoede, nie waar nie?

Maar dit is een ding. Wat my pla, is 'n ander verskynsel. Wat vir my so hartseer is en terselfdertyd woedend maak, is hoe baie vroue (ja, dit is verreweg in die meeste gevalle vroue) in hul later jare soos 'n gebruikte lap eenkant toe gegooi kan word.

Hoeveel vroue sit alleen met 'n kind of kinders nadat manlief jeukerig begin raak het en met oumanpilletjies en al vort is met poppie by die werk?

Hoeveel mammas word, nadat hulle hul mammapligte nagekom het en alles aan die kinders oorgedra het ná plegtige beloftes van “ons sal vir Mammie sorg”, eendag net by die ouetehuis afgelaai?

En dan in baie gevalle raak die kinders net weg. Die kerk moet maar instaan vir kos en bed.

Só kan ek aangaan. Maar ek wil liever as voorbeeld fokus op 'n onlangse saak in die hooggeregshof in die Wes-Kaap. Ons los maar die name.

Man en vrou trou. Hulle kom ooreen as deel van hul huweliksvoorwaardekontrak dat die man 'n huis (êrens by die see) aan sy toekomstige bruid skenk wanneer hy die dag sterf. Sy aanvaar die skenking met dank. En hulle trou.

Laat ek net eers iets beklemtoon. So 'n skenking wat kontraktueel aangegaan is, is anders as wat ons noem 'n donatio mortis causa, 'n skenking in afwagting van die dood. Laasgenoemde kan te eniger tyd verander of teruggetrek word. Dit is baie soos 'n testamentêre bemaaking. Ek kan eendag iets aan jou bemaak en môre kan ek dit aan iemand anders bemaak.

Met 'n skenking ingevolge 'n kontrak kan jy nie. En die regter het ook só beslis.

Maar toe, in 'n duidelike poging om hom uit hierdie skenking te wurm toe die liefde nie meer in sy blomtyd is nie, gaan die man en registreer 'n vruggebruik oor dieselfde eiendom ten gunste van sy 20-jarige kleinseun.

Op watter kopsiek en verwronge prokureur se aanbeveling dit gedoen is, lees ek nie in die hofsaak nie.

Nou, vir diegene wat nie weet nie, 'n vruggebruik is 'n baie sterk reg. Dit gee aan die vruggebruiker die reg op al die “vrugte” van die eiendom, hy besit net nie die eiendom nie. Hy kan self daarin woon. Hy kan dit uitverhuur en die geld in sy sak steek.

En wat doen kleinseun toe? Hy dreig om sy oupa se vrou uit die huis te sit. Sy is 80 jaar oud. Sien my opmerking hier bo oor vroue wat soms soos 'n lap eenkant toe gegooi word.

Die vrou het haar op die hof beroep en haar saak gewen. Die regter het die vruggebruik ongedaan verklaar en 'n bestraffende kostebevel teen die man en sy kleinseun toegestaan, wat ook vir haar regskoste moes betaal.

Hierdie voorbeeld verduidelik ten beste van wat ek wil beklemtoon. Hoe ver sommige sal gaan om 'n vrou met wie hulle getroud is in finansiële ellende te dompel. Wie kan op 80 'n nuwe lewe begin?

My raad vandag is, terwyl die liefde blom, geniet dit, besproei dit en snoei dit, sodat dit heertyd mooi vertoon. Maar weet dat die seisoen kan draai. Droogte en koue kan die

liefdesblom laat verwelk.

En dan word jy uitgekap en weggegooi. Soos 'n gebruikte lap.

Pas jouself op. Van dag een af.

- Skep jou eie welvaart. Julle kan deel in die huishouding, maar moenie afhanklik raak nie. Anders, as die gety gaan draai, lê daar vir jou net finansiële ellende voor.
- Vergeet die broodwinner-twak. Hy kan doodgaan. Hy kan agter sy gestreelde ego aan wegraak. Al is jy 'n sogenaamde tuisteskepper, sorg vir 'n eie neseier – hy moet help, jy pas immers kinders op en hou die huishouding aan die gang.
- As jy 'n beroep volg, sorg vir jou eie aftree-neseier. En moenie, soos ek die week gelees het byna 80% van vroue doen, jou aftreegeld aanwend wanneer manlief goed soos braaikamers en swembaddens wil aanbou nie.
- Moenie, as jy afgetree is, jou huis verkoop en die geld vir die kinders gee om by hulle te gaan intrek nie. Onthou, net een van hulle is joune. Die ander kan baie lief word vir jou, maar as jou eie skielik sterf, is jy gou in die pad. En 'n geldelike meulsteen. Dis hard, maar dis waar.
- As jy in 'n tweede huwelik is en daar is kinders wat nie uit jou gebore is nie, weet daar is 'n geldrisiko by jou man se dood. Ons leef ongelukkig in 'n gierige samelewing. Een waar mense selfs dit wil hê wat nie hulle s'n is nie.
- As jy in 'n gelukkige huwelik is, iets wat ek elkeen toewens, werk saam daaraan om welvaart te skep. Julle kan langer leef as wat julle dink. As vrou is jou kans baie goed om baie langer as jou man te leef.
- Sorg dan vir genoeg lewensdekking, sodat sou een sterf, die ander kan voortgaan en nie in finansiële ellende beland nie.
- *Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, besturende direkteur van Finlac en lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur by nico@finlac.com.*

weekliks@rapport.co.za